Laerskool Die Krans en Kransjakkers
H/v Jan Albertstraat en Cussonia
Tel: 012 804 0906
Faks:0866 188 941
Email: admin @diekrans.com

Kort CV van Janetta van Niekerk (nèè Richter)

- Janetta is die jongste van 6 kinders. Haar pa was ‘n sendingdokter en daarom gaan sy skool op Laerskool Maricodraai en Hoërskool Lichtenburg waar sy hoofdogter in 1977 was.
- Sy studeer aan Universiteit Pretoria in Kleuteropvoedkunde. In haar finale jaar verwerf sy die Van Schaik-toekenning vir die mees belowende student in Kleuteropvoeding.
- Sy trou met André van Niekerk, ‘n NG Kerk-leraar. Hulle het 4 kinders.
- Janetta begin haar eie kleuterskool in die Gezina/Rietfontein omgewing terwyl hulle kinders klein was. Sy begin ‘n Kleuterskool vir opleidingsdoeleindes by Universiteit Pretoria. Later vra die Laerskool Queenswood dat sy ‘n Pre-primêre afdeling by die skool begin. So ontstaan die eerste Graad R klas in samewerking met UNISA dosente. In 1998 identifiseer die gemeente Doxa Deo haar as stigteronderwyseres vir hulle onafanklike skool.
- Sy is die skrywer van 5 Kleuterblyspele en samesteller van 1 Kleuterliedjies-CD.
- In 2003 is sy aangestel om ‘n Kleuterskool vir die gemeente Skuilkrans te ontwikkel.
- Die Kleuterskool het aanvanklik uitgebrei tot ’n Grondslagfase skool en is tans ’n volledige Laerskool wat in die drie ouderdomfases onafhanklik bestuur word.
- Tans is haar belangstelling in die Fins-gebaseerde onderwysstelsel wat op die heelbrein metode van onderrig gebasseer is. Janetta bied werkswinkels in Suid Afrika en Namibië aan vir onderwyseresse en studente om hul onder andere aan hierdie wyse van onderrig bekend te stel.
- Sy is vanaf die onstaan van die AON (Afrikaanse Onderwysersnetwerk) ’n trustee-lid.